

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> MARKUS 4:21 - 7:37
----------	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Markus 4:21 – 7:37). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) <i>[CHRISTELIKE KARAKTER]</i> (2) 1 PETRUS 2:11
----------	--

Repeteer twee aan twee.

(2) Reinheid. 1 Petrus 2:11. “Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net ’n mens se lewe.”

4	BYBELSTUDIE (85 minute) <i>[EVANGELIE VAN JOHANNES]</i> (1) INLEIDING OP DIE EVANGELIE VAN JOHANNES
----------	--

Alle Bybelverwysings kom uit die Johannes Evangelie tensy anders vermeld.

Lees en bespreek hierdie studie met mekaar

A. DIE SKRYWER VAN DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

Die Outeur van die Evangelie van Johannes is God, die Heilige Gees (2 Timoteüs 3:16; 2 Petrus 1:20-21).

Die skrywer is die apostel Johannes.

1. Die skrywer was 'n Jood.

(1) Hy is bekend met die topografie van Israel.

Byvoorbeeld, hy ken plekke soos Kana (2:1), Kapernaum (2:12) en Bethsaida (1:44) in Galilea, Enon by Salim (3:23), die dorp Efraim (11:54) en veral Jerusalem (5:1). Hy weet ook dat “die Betanië (Betabara) aan die oorkant van die Jordaan” (1:28) verskil van “die Betanië wat naby Jerusalem gelê het, omtrent 3 kilometer daarvandaan” (11:18).

(2) Hy is bekend met die politieke omstandighede van Israel in die tyd.

Hy weet byvoorbeeld dat baie Jode te midde van die heidense volke lewe (11:52), dat “Jode nie met Samaritane omgaan nie” (4:9) en dat die Romeine oor die Jode geheers het (11:48). Hy wis ook dat die Joodse Sanhedrin nie die politieke mag gehad het om iemand ter dood te bring nie en dat die Romeinse goewerneur ’n dergelike besluit moes neem (18:28,31).

(3) Hy is baie bekend met die Ou Testament.

Hy is baie bekend met die Ou Testament in sowel die Hebreeuse as die Griekse taal, want hy haal al twee aan.

(4) Hy verwys na die Joodse en Samaritaanse godsdienstige opvattinge.

Byvoorbeeld, “die verlossing kom uit die Jode” (4:22) en die Samaritane aanbid op die berg Geresim, terwyl die Jode in Jerusalem aanbid (4:20).

(5) Hy ken die Joodse godsdienstige feeste.

Byvoorbeeld “die Voorbereiding” (19:31), “die fees van die Jode, die huttefees” (7:2) en “die fees van die tempelwyding in Jerusalem” (10:22).

(6) Hy verklaar die Joodse gebruike op ’n natuurlike manier.

Voorbeelde: dit was ’n Joodse gebruik dat by troufeeste die goeie wyn eers geskenk word en pas later die minder goeie wyn (2:10). Dit was ’n Joodse gebruik by begravinge om die dooie met geurige olie te behandel en in grafdoeke toe te draai, die gesig met ’n afsonderlike kopdoek toe te draai, hom in ’n graf of tombe te lê en ’n groot steen voor die opening te rol (11:38,44; 19:40).

2. Die skrywer was 'n ooggetuie.

Die skrywer het die werke van Jesus met sy eie oë gesien. Hy onthou wanneer gebeurtenisse plaasgevind het, en dikwels sê hy presies wanneer. Omdat hy aan die einde van die eerste eeu *aan die heidene geskryf het*, het hy waarskynlik gebruik gemaak van die Romeinse *metode om tyd te bereken*. Dit hou in dat 'n nuwe dag om twaalf uur middernag begin en hulle om twaalf uur in die middag weer begin tel. Hy onthou byvoorbeeld dat hy Jesus een dag na sy doop vir die eerste keer ontmoet het. Dit was “ongeveer die tiende uur” in die oggend (en nie volgens ANV “omtrent vieruur die middag” nie)(1:39).

Hy onthou presies wat Jesus aan Simon gesê het toe Hy hom die naam ‘Petrus’ gegee het (1:42), die presiese woorde wat die ander dissipels gesê het toe Hy hulle geroep het en die presiese woorde van die baie lesse wat Hy aan hulle in sy onderrig geleer het. Die Johannes Evangelie wek die indruk dat die skrywer nie alleen die woorde van Jesus self gehoor het nie, maar miskien aantekeninge gemaak het kort nadat hulle uitgespreek was, of selfs wat Jesus onderrig het uit sy kop geleer het.

3. Die skrywer was één van die twaalf dissipels van Jesus.

Die skrywer het vertroulike en persoonlike kennis van sake gehad, selfs van die woorde en gevoelens van die dissipels van Jesus. Hy weet byvoorbeeld dat die dissipels van Jesus verbaas was dat Jesus met 'n vrou gepraat het (4:27) en dat hulle bang was toe Jesus oor die water geloop het (6:19).

4. Die skrywer was die apostel Johannes.

(1) Die skrywer noem homself nooit by sy eie naam nie.

Hy noem homself “die dissipel vir wie Jesus baie lief was”. Dit was die dissipel wat naas Jesus aan die tafel aangelê het en wat na Jesus se kant toe geleun het (13:23,25). En hy skryf as 'n dissipel van Jesus wat getuig oor al hy gesien en gehoor het (21:20-24, vergelyk 1 Johannes 1:3).

(2) Die skrywer was één van die eerste dissipels van Jesus.

Volgens Johannes 1:35-40 en Markus 1:16-20 was Andreas en sy broer Simon Petrus en Jakobus en sy broer Johannes die eerste vier dissipels van Jesus. Petrus, Jakobus en Johannes het die kerngroep van Jesus se dissipels gevorm (Matteus 17:1). In Handeling 12 lees ons dat Jakobus vermoor is deur Herodus en uit Johannes 21:18-19 kan ons vasstel dat Petrus al oorlede was toe Johannes sy brief geskryf het. Dus die enige dissipel wat in staat was om hierdie evangelie as ooggetuie van die gebeurtenisse vanaf die begin af op te teken was die apostel Johannes.

(3) Die skrywer was die seun van Sebedeus.

Volgens Matteus 27:56, Markus 16:1 en Johannes 19:25 was die naam van sy moeder waarskynlik Salomé, die suster van Maria, die moeder van Jesus. Dan was Jesus en Johannes waarskynlik newe van mekaar. Voordat hy 'n dissipel van Jesus geword het, was Johannes 'n volgeling van Johannes die Doper. Volgens Johannes 1 het Johannes Jesus één dag na sy doop ontmoet. Hy het visser gebly op die boot van sy vader tot ongeveer 'n jaar later, toe Jesus hom geroep het om één van die 12 dissipels te word. Toe het hy sy werk as visser van visse opgegee om 'n visser van mense te word (Lukas 5:1-11; Matteus 4:19).

(4) Johannes en sy broer Jakobus was manne met opgekropte gevoelens en 'n opvlieënde karakter.

Hulle is “manne van die donder” genoem (Markus 3:17). Byvoorbeeld: Johannes het hom bemoei met die bediening van 'n ander en het geprobeer om hom teen te hou (Markus 9:38-41). Toe 'n Samaritaanse dorp geweier het om Jesus en sy dissipels te ontvang (deur voedsel en verblyf aan te bied), het Johannes en Jakobus in 'n opwelling van woede uitgeroep, “Here, wil U hê ons moet vuur uit die hemel afroep om hulle te verteer?” (Lukas 9:51-56)?

(5) Johannes was één van die belangrikste apostels.

Johannes en Petrus was dikwels saam in die vier Evangelies en ook in die boek Handeling. Na die opstanding van Jesus is Johannes beskou as één van die drie “pilare van die Kerk” saam met Petrus en Jakobus, die broer van Jesus (Galasiërs 2:9, Handeling 15:6). Toe die Jode in 66 n.C. in opstand teen die Romeine gekom het, het Johannes en alle Christene waarskynlik Jerusalem verlaat. Volgens die kerkgeskiedenis het Johannes toe in Efese gaan woon en werk.

B. DIE DATUM EN PLEK WAAR DIE EVANGELIE VAN JOHANNES GESKRYWE IS

1. Die plek waar die Evangelie van Johannes geskrywe is.

Volgens die kerkvader Irenaeus, wat in 170 n.C. geleef het, is die Evangelie van Johannes geskrywe toe Johannes in Efese gewoon het, 'n stad in Turkye vandag.

2. Die tyd wanneer die Evangelie van Johannes geskrywe is.

(1) Die Evangelie van Johannes is vóór 110 n.C. geskrywe.

Twee ou fragmente van die Evangelie van Johannes (Johannes 18:31-34 en 37-38) word op ongeveer 130 n.C. gedateer. Dus was die Evangelie van Johannes voor 130 n.C. geskrywe. Die kerkvader Irenaeus, wat in 170 n.C. geleef het, skryf, “Die kerk in Efese is deur Paulus gestig; en Johannes het permanent daar gewoon tot die tyd van die Romeinse heerser Trajanus”. Trajanus het geregeer van 98 tot 117 n.C. Die geskrif van die kerkvader Ignatius wat 'n marteldood in 110

n.C. gesterf het, toon aan dat hy die Johannes Evangelie gelees het. Dus die Johannes Evangelie is waarskynlik vóór die einde van die eerste eeu n.C. geskrywe.

(2) Die Evangelie van Johannes is na 70 n.C. geskrywe.

Johannes herhaal nie wat al in die ander drie Evangelies geskrywe gestaan het nie en gaan daarvan uit dat mense met daardie drie Evangelies bekend was. Sy doel was om in die besonder te skrywe oor dinge wat nog nie in die ander drie Evangelies opgeteken was nie, en veral die dinge wat mense sou help om te glo dat Jesus Christus die Messias (die Christus, die Gesalfde) was (Johannes 20:31) en dat Hy volkome GOD is (Johannes 1:1). Die Johannes Evangelie is dus geskrywe nadat die drie ander Evangelies geskrywe is, dus na 63 n.C. Omdat Johannes nie meer praat oor beroemde mense soos Petrus en Paulus nie, lyk dit of hulle al oorlede was. Ook word die val van Jerusalem en sy tempel in 70 n.C. nie genoem nie. Dus het Johannes die Johannes Evangelie waarskynlik 'n aantal jare na die val van Jerusalem in 70 n.C. geskrywe.

(3) Ons kom tot die gevolgtrekking dat die Johannes Evangelie tussen 70 en 98 n.C. geskrywe is.

Die kerkvader Clemens van Aleksandrië, wat in 190 n.C. geleef het, het geskrywe dat selfs na sy terugkeer van Patmos was Johannes baie aktief in die bediening as leier van die kerke in die omgewing van Efese. Ons weet nie of die Evangelie van Johannes vóór of na sy verbanning na Patmos en ook nie of hy dit vóór of na die boek Openbaring geskryf het nie.

C. DIE INDELING VAN DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

Die Evangelie van Johannes kan in twee dele verdeel word, naamlik, die openbare en die beslote bedienings van Jesus Christus. Hierdie twee dele kan verder in 7 onderdele verdeel word.

Deel een. Die openbare bediening van Jesus.

Hierdie deel bestaan uit Johannes 1 tot 12. Dit kan verder onderverdeel word in die volgende 3 onderdele:

Onderdeel 1. Johannes 1 tot 6.

Vóór die Huttefees (7:2).

Die woord, Jesus Christus, word in 'n steeds breër kring van mense geopenbaar, maar uiteindelik deur mense afgewys.

(1) Die aankondiging van Jesus Christus. Johannes 1:1 tot 2:12.

Desember 26 n.C. tot April 27 n.C. (4 maande).

- Johannes 1:1-14 beskryf die heerlijkheid van die Woord in die begin vóór die skepping, tydens die skepping en na die sondeval en dit beskryf die menswording, toe God in Christus die menslike natuur aangeneem het.
- Johannes 1:15 tot 2:12 beskryf die Woord, Jesus Christus, wat Homself aan Johannes die Doper en sy eerste dissipels openbaar.

(2) Die vroeë bediening van Jesus Christus in Judea en Samaria. Johannes 2:13 tot 4:42.

April 27 n.C. tot Desember 27 n.C. (8 maande).

- Johannes 2:13 tot 3:36 beskryf die Woord, Jesus Christus, wat Homself aan die skares mense in Jerusalem openbaar, onder andere aan Nikodemus.
- Johannes 4 beskryf die Woord, Jesus Christus, wat Homself aan die Samaritane openbaar.

(3) Die groot bediening van Jesus Christus in Galilea. Johannes 4:43 tot 6:71.

Desember 27 n.C. tot April 29 n.C. (16 maande).

- Johannes 4:53-54 beskryf die Woord, Jesus Christus, wat Homself aan die Galileërs openbaar
- Johannes 5 beskryf die Woord, Jesus Christus, wat na die wonder in Betesda in Judea afgewys word.
- Johannes 6 beskryf die Woord, Jesus Christus, wat na die voeding van die vyfduisend in Galilea afgewys word.

Onderdeel 2. Johannes 7 tot 10.

Van die Huttefees tot die fees van die tempelwyding.

Die woord, Jesus Christus, roep sondaars uit liefde.

(1) Die afgesonderde bediening van Jesus Christus. Johannes 7:1-9.

April 29 n.C. tot Oktober 29 n.C. (6 maande).

- Johannes 7:1-9 beskryf die Woord, Jesus Christus, wat rondtrek in Galilea en uiteindelik in die geheim na Judea trek.

(2) Die latere bediening van Jesus Christus in Judea. Johannes 7:10 tot 10:39.

Oktober 29 n.C. tot Desember 29 n.C. (2 maande).

- Johannes 7:10-53 beskryf die oproep van Jesus Christus aan die menigte in die tempel. "As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink. Wie met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê" Stromende lewende water sal uit sy binneste vloei" (7:37-38).
- Johannes 8:1-59 beskryf die oproep van Jesus Christus aan die vrou wat betrap is tydens owerspel: "Ek doen dit (naamlik: jou veroordeel) ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie" (8:11). Dit beskryf ook

die oproep aan die menigte mense: “Ek is die Lig van die wêreld. Wie My volg sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee” (8:12).

- Johannes 9:1-41 beskryf die oproep van Jesus Christus aan die blindgebore man: “Glo jy in die Seun van die mens? Hy het geantwoord: “Wie is dit, Meneer, sodat ek in Hom kan glo?” Jesus het vir hom gesê: “Jy sien Hom. Dit is Hy wat met jou praat.” (9:35-37).
- Johannes 10:1-39 beskryf die oproep van Jesus Christus aan die Fariseërs en die dissipels “Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape. ... My skape luister na My stem; Ek ken hulle, en hulle volg My” (10:11,27).

Onderdeel 3. Johannes 10:40 tot 12:50.

Na die fees van die tempelwyding (10:22).

Die Woord, Jesus Christus, openbaar Hom as die Messias deur twee groot wondertekens: die opstanding van Lasarus en die triomfantlike intog in Jerusalem.

(1) Die bediening van Jesus Christus in Perea en Betanië. Johannes 10:40 tot 11:57.
Desember 29 n.C. tot April 30 n.C. (4 maande).

- Johannes 11:1-44 beskryf hoe Jesus ’n reis maak aan die ander kant van die Jordaan (Perea) na Betanië, naby Jerusalem om Lasarus uit die dood op te wek.
- Johannes 11:45-57 beskryf die ontmoeting van die Joodse leiers in die Sanhedrin waar die dood van Jesus beraam is.
- Johannes 12:1-50 beskryf die salwing van Jesus in Betanië en die triomfantlike intog in Jerusalem.

Deel twee. Die beslote bediening van Jesus Christus.

Die voltooiing van die bediening van Jesus Christus. Johannes 13 tot 21.

April 30 n.C. tot Mei 30 n.C. (7 weke).

Dit vind plaas tydens die laaste 7 weke wat Jesus op die aarde was, vanaf 1 week vóór sy kruisiging (Johannes 12:1) tot 6 weke na sy kruisiging (Handelinge 1:3). Dit kan verder onderverdeel word in die volgende 4 onderdele:

Onderdeel 4. Johannes 13.

Die Laaste Paasmaal of Eerste Nagmaal.

- Jesus gee ’n nuwe gebod om mekaar lief te hê en illustreer dit deur die voete van sy dissipels te was.

Onderdeel 5. Johannes 14 tot 17.

Die onderrig tydens die eerste Nagmaal en die gebed van Jesus.

- In Johannes 14 *troos* Jesus die dissipels. Hy beloof die blywende aanwesigheid van die Heilige Gees en die groter werke wat die dissipels sou doen.
- In Johannes 15 *spoor* Jesus die dissipels *aan*. Hy spoor hulle aan om voortdurend in Hom te bly, om sy Woord voortdurend in hulle te laat bly, om te bid, om baie vrug te dra, om mekaar lief te hê, om sy geboorte te gehoorsaam en om sy getuies in die wêreld te wees.
- In Johannes 16 *maak* Jesus *beloftes* aan sy dissipels. Hy beloof dat Hy hulle nie alleen sal laat nie, maar dat Hy die Heilige Gees sou stuur en Hy beloof dat hulle Hom sou sien na sy opstanding uit die dood.
- In Johannes 17, *bid* Jesus. Hy bid vir Homself (17:1-5), vir sy dissipels (17:6-19) en vir die Kerk in die wêreld (17:20-26).

Onderdeel 6. Johannes 18 en 19.

Die lyding van Jesus.

- In Johannes 18 word Jesus *gearresteer*, *bereg* deur Annas, *verloën* deur Petrus, *bereg* deur Kajafas, twee keer *verloën* deur Petrus en ten slotte *bereg* deur Pilatus.
- In Johannes 19 word Jesus *vervolg* deur die Romeinse soldate, *afgewys* deur die Jode om gekruisig te word, *gekrusig* op die Kopbeenplek (Hebreeus: Golgota) deur die Romeine en na sy dood *begrave* in ’n nuwe graftombe deur Josef van Arimatea en Nikodemus.

Onderdeel 7. Johannes 20 en 21.

Die opstanding en die verskynings van Jesus.

- In Johannes 20 verskyn Jesus aan Maria Magdalena, aan sy dissipels sonder Tomas en ’n week later aan sy dissipels met Tomas. In Johannes 20:30-31 beskryf die skrywer die doel van hierdie Evangelie.
- In Johannes 21 verskyn Jesus aan sewe van sy dissipels by die Meer van Galilea en herstel Hy die posisie van Petrus as apostel. Die skrywer beëindig die Evangelie met ’n eenparige getuienis van ’n groep mense met betrekking tot die betroubaarheid van die dinge wat in die Johannes Evangelie beskrywe word.

D. DIE DOEL EN TEMA VAN DIE JOHANNES EVANGELIE

Die apostel Johannes beskryf sy doel in Johannes 20:30-31. Sy doel is dat sy lesers bly glo dat Jesus “die Messias” is (die belofde Gesalfde wat in die Ou Testament verwag word) en “die Seun van God” (d.w.s. volledig goddelik is, vergelyk Kolossense 1:15; 2:9). Sy doel is bowendien dat hulle deur die geloof lewe mag ontvang van Jesus, die Middelaar tussen God en die mens.

Die volgende voorbeelde word in die Johannes Evangelie beskrywe wat nie in één van die orige drie Evangelies gevind word nie:

In hoofstuk 1. Jesus word geopenbaar as God wat die menslike natuur aangeneem het. Jesus Christus het die onsigbare God sigbaar aan die mensheid geopenbaar.

In hoofstuk 3. Jesus openbaar Homself aan Nikodemus as die enige Seun van God, deur Wie God ewige lewe gee aan hulle wat in Hom glo.

In hoofstuk 5. Jesus openbaar aan die Fariseërs dat God sy Vader is en dat Hy gelyk is aan God (5:17-18).

In hoofstuk 7. Jesus openbaar aan die menigte in Jerusalem dat Hy die Enige is wat die geestelike dors van elke mens kan les (7:37-39).

In hoofstuk 8. Jesus openbaar aan die godsdienstige leiers van Israel dat Hy die Enige is wat mense van sonde en dood kan bevry. Hy sê dat Hy sonder sonde is en dat elkeen wat nie in Hom glo nie, in hulle sonde sal sterwe (8:46,24).

In hoofstuk 12. Jesus openbaar aan die menigte dat Hy die Koning is wat almal na Hom toe sal trek (12:13,32).

In hoofstuk 13. Dit word aan Johannes geopenbaar dat God die Vader alles onder die heerskappy van Jesus geplaas het (13:35, 13:3) en dat wie Jesus ontvang, God die Vader ontvang (13:20).

5	GEBED (8 minute)	<i>[VOORBIDDING]</i> <i>BID VIR ANDERE</i>
----------	------------------	---

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> <i>VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS</i>
----------	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. **Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie** – Die inleiding op die Evangelie van Johannes saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. **Persoonlike tyd met God.** Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Markus 8:1 – 11:19. Maak gebruik van die uitgekose Bybelverses of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. **Memoriserings.** Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelverses: (3) Liefde. Markus 12:30-31. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. **Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. **Hou jou aantekeninge op datum.** Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.